
# NUWE HOLLANDSE KERK TE DURBAN.



In hierdie kolom publiseer ons 'n paar portrette van die Ned. Geref. Kerk te Durban, die hoeksteen waarvan op 7 Julie, 1923, deur S.Ed. die Minister van Justiesie, mnr. Niklaas de Wet, gelê werd, en op more 2 Februarie, 1924, deur dr. H. S. Bosman, van Pretoria, ingewy sal word. Die Kerkgebou is geleë nie vér van die Stadshuis af nie, aan Smithstraat en Cateplein, en het £6,000 gekos. Dit is 'n pragtige gebou, wat nie minder as 600 sitplekke bevat nie, en vir die persoon wat die vérste sit, is dit heel maklik om die prediker te hoor. Ongetwyfeld 'n degelike aanwins vir daardie kusstad! Naas aan die Kerkgebou is 'n ander gebou opgerig, wat die konsistoriekamer, koffiekamer en vergadersaal bevat, met sitplekke vir 200 persone.

Vir die ingesetenes en besoekers van Durban is die hoeksteen-legging en inwyding ongetwyfeld van grote belang, daar dit 'n duidelike fase in die sosiale en ekonomiese ewolusie van Suidafrika aandui, wat sonder twyfel nog belangryke gevolge sal hê in die toekoms. Alreeds het dit die gewoonte geword om kusstede—selfs groot industriële stede in die binneland—as uitsluitend Engels in taal en maatskappelike tradiesie te beskou, asof die Hollandssprekendes meer tot die platteland behoort! Gedurende die afgelope paar jaar het dit egter duidelik geword hoe die topografiese skeiding tussen Engels- en Hollandssprekende stadigaan verdwyn en dat rassehaat ook aanhoudend verminder. Ekonomiese en ander oorsake het die toestroming van Hollandssprekendes na die stede aangemoedig; en waar enkele jare gelede die Hollandse Kerk as die lewende middelpunt van die Hollands-Afrikaanse taal nie bestaan 't nie, is daar vandag groot en vooruitstrewende gemeentes.

Veral in Durban groei die Hollands-Afrikaans element. Die Afrikaner slaag daarin om sy weg na die verskillende stedelike ambagte te vind, waar sy vooruitstrewendheid, eerlikheid en opregtheid die ambagsman van oorsee, wat nog miskien vyandig gesind mag wees teenoor die Afrikaner, beinvloed, met die gevolg dat die nuttelose en niksbeduiende rassehaat, wat meer toegeskrywe kan word aan onkunde as iets anders, stadig maar seker uit die weg geruim word.

Daar is 'n groot verskil tussen die plattelandse en die dorpslewe; as die plattelander homself dan skielik in die stad bevind en hy kom tot wankel, is die Kerk daar om hom op sy voete te hou. Die Kerk kan baie doen ten goede, veral om maatskappelike en politieke kwaad te beveg. In baie opsigte is die kerklike leiers méér invloedryk as die politieke leiers; en hulle begin nou te erken dat hulle verder moet gaan as die plattelandse disrikte na die industriële sentrums. Wanneer die plattelander na die stad gaan, kom hy in aanraking met vreemde ideë en 'n vreemde omgewing; en deur die karakteristieke eienskappe van matigheid, ordelikheid en volharding, wat so kenmerkend was in die lewes van sy voorvaders, te bevorder, sal die Kerk 'n groot diens aan land en volk betoon.

Alhoewel die Voortrekker-Republiek van Natal 'n kort lewe had, het die Afrikaner seker die grootste rol gespeel om beskawing tot stand te bring in Natal. Godsdiens was die grootste faktor in die lewes van Retief en sy afstammelinge; en deur die Kerk in te wy ter nagedagtenis van daardie Voortrekker, word lof toegeswaai aan 'n klompie manne en vroue, wat voortbrengsels tot stand gebring 't en ideale gehad 't, wat wel in herinnering behoort gehou te word.

'n Woord van lof moet veral toegeswaai word aan die argitek, mnr. Moerdyk, (van Moerdyk en Louw, Johannesburg). Ongetwyfeld het die boukommissie g'n fout begaan nie deur hom te kies om die planne van hulle nuwe Kerk op te trek en te help uitvoer. Hy is 'n vooruitstrewende Afrikaner, gebore in die Waterbergse distrik, en het sy studies in die boukuns in Engeland en Frankryk voortgeset. Mnr. Moerdijk het ook baie artiekels en sketse bygedra tot Afrikaanse tydskrifte en is ook die skrywer van 'n pamflet oor "Kerke en die Bou van Kerke in Suid-Afrika," waarvan ds. Kestell gesê 't: "Die skrywer bewys dat hy die ware insig in die boukuns het. Hy sien in argitektuur 'n element wat goddelik is. Hy neem 'n hoë plek in."

In die Kerkgronde staan 'n groot ou Afrikaanse vyeboom; en daarvan het mnr. Moerdijk gesê: "Uit die iepebome van Engelse kerkhowe het die Engelse hul boë gemaak, waarmee hulle hul land verdedig 't teen invalle. En het die voortrekkers dan nie hul waëns, wat so lank as hul wonings gedien 't—en menigmaal as hul forte—uit Suidafrikaanse hout gemaak nie?" Dit word verklaar dat Piet Retief, toe hy die Engelse setlaars vir die eerste keer by die Kongella ontmoet 't, onder daardie selfde vyeboom gestaan 't om met hulle te onderhandel.

Bowe alles moet die gewers en geofsters, wat so mildelik bygedra 't tot die verkryging van die £6,000, nie vergete bly nie, waaronder 'n dame wat sovér gegaan 't as om met ope hart £600 te gee.

